

SIG

 Durbanville
gemeente

Pinkster Uitgawe

Mei 2006

Pinkster 2006

28 Mei - 4 Junie

19:00 in die Kerk

Sagaria 8: So sê die Here die Almagtige...

Prediker: Ds Tinus van Zyl

28 Mei, Sondag	Hoe praat God met ons?
29 Mei, Maandag	Wat sê God vir ons?
30 Mei, Dinsdag	'n Belofte
31 Mei, Woensdag	Is dit onmoontlik?
1 Junie, Donderdag	Skep moed!
2 Junie, Vrydag	Praat die waarheid
3 Junie, Saterdag	(Fees-ete 18:30)
4 Junie, Sondagoggend	Hou feestelike byeenkomste
4 Junie, Sondagmiddag	(Wêreldbiddag 14:30 - 16:30)
4 Junie, Sondagaand	God is by julle
6 Junie, Dinsdag	(Plons 18:30)

Pinkster is 'n tyd om deel te neem!

Kom luister saam na God se Woord, kom gesels saam daaroor en kom beeld dit uit deur jou eie **kreatiewe bydrae** na die eredienste te bring. Bring jou kinders saam na die **kinderpinkster**. Kom drink saam **sop** na elke diens, kom eet saam potjiekos by die **fees-ete**, kom bid saam by die **gebedsdag** en kom **plons** saam met ons in die woonstelblokke van Durbanville.



Pinkster 2006



kreatiewe bydrae

Tydens Pinkster gaan ons mekaar uitnoui en uitdaag om iets te bring waarmee jy dit wat jy uit die Woord gehoor het, wil uitbeeld: bv. 'n digitale foto, 'n bos blomme, 'n skildery, 'n gedig, 'n lied, 'n gebed, 'n beeld van klei, 'n hout-struktuur, 'n kers... Die gedagte is hoegenaamd nie om mekaar te probeer beïndruk met ons kreatiwiteit nie. Al waaroor dit gaan, is dat die Woord van God konkrete gestalte kry in die liggaam van Christus, die kerk.

kinderpinkster

Elke aand van Pinkster sal daar Kinderpinkster in die Jeuglokaal gehou word. Bring asb julle kinders soontoe – dit is hope pret en werklik inspirerend!

Alle ouers wat kan help met toesig moet NOU vir Franci van Zyl kontak by die kerkkantoor.



sop

Sop word elke aand na afloop van die diens in die Gemeentesentrum bedien, sodat ons lekker gesellig saam kan kuier en kan wegkruip van die koue winterweer.

Wil jy ook help sop maak en bedien? Skakel vir Jackie Pretorius NOU by die kerkkantoor.

fees-ete

Die fees-ete is een van die lekkerste samesnoerende gebeure in die lewe van ons gemeente – moet dit vir niks in die wêreld misloop nie!

Wil jy jou naam opgee om saam te kom eet? Of is jy bereid om 'n potjie te maak? Skakel NOU vir Jackie Pretorius by die kerkkantoor.



gebedsdag

Die wêreldbiddag, waar mense van alle kerke saam bid, is vanjaar nie weer op Nuweland nie, maar by verskillende plaaslike kerke, ook by ons gemeente! Dit gebeur op Sondagmiddag, 4 Junie 14:30 - 16:30 in die Gemeentesentrum. **Wil jy meer inligting hê?** Skakel vir Ds André van Wyk by die kerkkantoor.

plons

Moenie dat die wonder van dit wat God se Woord vir ons tydens Pinkster gesê het, net by Pinkster agterbly nie. Kom ons leef dit uit na die mense rondom ons! Kom plons na afloop van Pinkster elke tweede Dinsdagaand in die woonstelblokke van Durbanville.

Wat is plons? Dit is eenvoudig om uit te gaan, om gestuur te word na die mense buite die kerk. Wat moet jy doen? Luister. Plons is om met God se liefde uit te gaan en na mense buite die kerk se stories te luister. Jy het geen opleiding hiervoor nodig nie – net moed! Om deel te wees van die eerste plons na Pinkster, moet jy Dinsdag, 6 Junie, om 18:30 by die Gemeentesentrum wees. Vir meer inligting, kontak Ds Gys van Schoor by die kerkkantoor.

